# *JEHOVA-JIREH*

. . . dan het U vir ons gesê in U Woord: "As die volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor." Wat 'n belofte! Dan is ons net so seker dat ons staan in die Angelus Tempel, hier by Eggo Park, ons is net so seker dat God hoor, en sekerder, want dis Sy Woord, en ons weet dat U sal antwoord.

2 En ons bid, Here, dat almal wat in Goddelike Teenwoordigheid is vanaand, saam met die spreker, geseënd mag wees met die Teenwoordigheid van die Heilige Gees. Mag Hy ons lewens neem en hulle vorm, en hulle maak, en hulle fatsoneer dat ons van hieraf mag wandel volgens Sy wil.

3 Seën hierdie tempel, sy pastore, sy leraars, en al diegene van sy lidmate, en mag sy . . . net aanhou groei en versprei met hierdie wonderlike Evangelie. Seën elke kerk wat hier is vanaand, die verskillende denominasies hierrond. Ons bid dat U na aan ons almal sal wees, want ons het U nodig, Vader. Seën die Woord nou soos ons Daaroor mediteer. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

4 Julle mag maar sit. Weet julle dat ek net nou agter die gordyn gestaan het, en Broer Duff dit hoor noem het . . .? My soort van geskok om te dink dat daar na vanaand nog net drie dienste in hierdie veldtog is. Ek—ek's net . . . Ons het nou net al die spoke weg, sodat ons regtig reg in die Evangelie kan inkom.

5 Ek het miskien nie bedoel om so kru daaroor te wees, en *spoke* te sê nie; ek's nie vanaand op die lug nie, so ek—ek voel net 'n bietjie meer, julle weet, op my gemak. Net soos wat jy voel . . . Dis alles reg daarbuite, maar ek dink altyd aan waarnatoe dit gaan daarbuite. Ek hou soort van daarvan om 'n kêrel in die gesig te kyk wanneer ek met hom praat, julle weet, dan voel ek beter daaroor.

6 Wel, ons het beslis hierdie dae geniet. Net met my goeie vriend, Broer duPlessis gepraat daaragter, wat ons vanaand verlaat om verder te gaan na nog dienste toe. En hy gaan nou in Europa in om dienste te reël in verskillende plekke daar, vir my, en onder na Suid-Afrika, en Duitsland, en Switserland.

7 En—en dan verwag ons dan dadelik na Australië, hang af van hoe . . . sodra Mnr. Graham uitgaan. Ons wag vir hom om lank genoeg uit te kom dat dit nie sal lyk asof ek net reguit ingery het op sy bediening nie, ek wil dit nie doen nie, en ek wil nie daar wees terwyl hy daar is nie.

8 Hy het die werk baie goed gedoen. Ek bewonder Billy Graham. [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. Dit wys net

waarvan hy gemaak is toe hulle gesit het, die nuus het gesê hulle sou kennisgewings op die strate sit: "Gaan terug huis toe, Billy Graham," en hom uitgejou en alles. Hy het uitgevind hy is gemaak van daardie soort materiaal wat nie so maklik "uitgejou" word wanneer die Here vir hom gesê het om te gaan nie, hy het reg daarby gebly.

9 En ek het hom op televisie gesien, en gelyk asof sy oog heeltemal swart was daaronder, en nog steeds daar gestaan, en aangehou met kap. 'n Man moet so 'n dienskneg van Christus bewonder. Jy moet beslis. Ek dink hy doen 'n goeie werk.

10 En hy mag dalk nie in Goddelike genesing glo soos ons glo nie, en hy mag dalk nog glo soos ons glo; God het hom 'n werk gegee om te doen, so hy doen sy deel. Net solank, as ek kan sorg vir my deel daarvan so goed as wat hy sorg vir sy deel, sal dit goed wees, Ek—ek sal baie goed voel daaroor. So God seën hom, is my gebed.

11 Nou, ons het gepraat van Abraham, en net soort van die hoogtepunte getref, die, net die, wat ons die hoogtepunte sou noem. En ek wens net dat ek nou die geleentheid en tyd gehad het, dat ons net daardie Boek van Génesis kon neem en hulle afbreek; ons raak net aan die hoogtepunte daarvan. As ons kon teruggaan en daardie Skrifte intrek!

12 Ek het eenkeer in my kerk in die Boek van Openbaring gebly vir drie jaar agtermekaar, dis heeltyd in dienste. En net die woorde te verduidelik, en al die (die teks te verduidelik, bedoel ek.), alles van God se Woord pas net reg inmekaar, daar's geen teenstrydigheid in Sy Woord nie. En alles Daarvan, van die ses-en-sestig Boeke, daar's geen teenstrydigheid nie, Hulle tref net almal op dieselfde plek. Julle kan staatmaak daarop dat Dit geïnspireerd is.

13 Ons is so bly om 'n—'n regte God en 'n regte Bybel te hê, en 'n God wat agter Sy Woord bly, en elke Woord ondersteun wat Hy sê. Ek is so bly om dit te weet.

14 Natuurlik, nou die dag, julle weet, het ek 'n verjaarsdag gehad, ek's nie meer 'n seuntjie nie. En ek—ek. . .Maar—maar my Anker, dit hou vas aan die binnekant van die sluier, dis die hoofsaak. Ek—ek's so bly daaroor, dat, nadat die lewe vervaag, en die—die vogtigheid van die Jordaanrivier my in die gesig begin slaan een van hierdie môres, ek glo nie ek sal dan bang wees nie.

15 Een van hierdie dae, gaan ek my laaste preek preek, die Bybel die laaste keer toemaak. En weet julle wat ek dan wil sê wanneer ek weet ek het my pad deur die slagvelde geveg tot aan die einde van die pad? Ek—ek wil afgaan na die rivier toe en sê: "Stuur uit die reddingsboot, Vader, ek kom Huis toe vanmôre." Ek glo Hy sal dit doen.

16 So nou, het julle hierdie lesse van Abraham geniet? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dankie. Nou vanaand gaan ons

die derde en laaste hiervan hê, want môre-aand gaan ons weer genesingsdienste begin. En, as die Here wil, wil ek môre-aand net amper 'n voortsetting preek, maar oor: *Tyd Van Besluitneming*. En dit was, natuurlik, kom uit Génesis die 24ste hoofstuk, waar ek my teks van Rebekka geneem het waar sy 'n besluit moes neem.

17 En bid vir hierdie dienste. En môre-oggend by die Christen Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt by Clifton's. Ek is seker julle word almal uitgenooi om te kom, en as julle nie kan kom nie, om een of ander rede, skakel die radio aan, want hulle het beslis 'n wonderlike tyd daar.

18 Ek het 'n paar groot genesings sien plaasvind daaronder by daardie ontbyt. Nou, my bandopnameman hier, een van hulle, Mnr. Mercier, sy ma het van—van haar huis af gekom bo in Michigan, ek het nog nooit die vrou gesien nie, en sy het in die diens gesit, en ek het dit nie geweet nie. Maar hy het daar oorkant sit en bid vir sy ma, en as die Heilige Gees nie reguit oorgekom het en daardie vrou uitgeroep het net daar by die ontbyt en haar genees het van 'n siekte wat sy gehad het vir jare en jare en jare, nie! En so, ons weet nie wat die Here sal doen nie; Hy's net oral en vol goedheid. So bly daaroor!

Nou, ons wil net een vers van die Skrif lees, gevind in die Boek van Génesis die 22ste hoofstuk en die 14de vers:

> *En Abraham het die naam van* die *plek Jehova-jireh genoem: sodat vandag nog gesê word, Op die berg van die* H*ERE sal dit voorsien word.*

19 *Jehova-Jireh.*

20 Nou, gisteraand het ons ons broer gelos wat in kontak gekom het met God, een van Sy Engele net voor die vernietiging van Sodom. En Lot, onthou, het sy keuse gemaak en het afgegaan in Sodom in om te lewe in sonde, en weelde, en plesier, maar tog, was hy 'n gelowige.

21 En nou, hierdie mag 'n bietjie van 'n Calvinistiese gevoel daaraan hê, maar as 'n mens eenmaal 'n Christen is, mag hy dit dalk verlaat, maar dit sal hom nooit verlaat nie; daar is iets wat met 'n mens gebeur. Johannes 5:14, het Jesus gesê: "Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, *het*," teenswoordige tyd: "Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar *het*," verlede tyd: "oorgegaan uit die dood in die Lewe." Dis Sy Woorde. Sien?

22 Maar Lot het afvallig geraak. Hy sou nie sy siel verloor nie, maar sy beloning verloor. En daar was hy. . .Nou onthou, om uit te vind of hy steeds was. . .die vonk in sy hart gehad het, vind ons uit dat die Bybel gesê het dat die sondes van daardie mense sy regverdige siel gepynig het.

23 Voel julle nie vanaand sleg om op die straat uit te gaan en mense te sien, die manier waarop hulle in sonde lewe nie? Dis die geregtigheid van God in jou hart, dat dit net lyk of daar iets verkeerd is. En dis hoe Lot was, hoewel hy was . . . omstandighede gehad het, en afvallg geraak het, maar tog, onder in sy hart!

24 En ek glo dit: dat daar buite in baie van daardie groot, goeie kerke vanaand, groot denominasionele kerke, mense is wat nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, baie, maar ek glo onder in hulle hart, het baie van hulle 'n warm gevoel vir God en begeer die doop van die Heilige Gees.

25 Julle weet, die hoofsaak is met ons Boodskap, dis nie die Boodskap wat hinder nie, dis hoe Dit partymaal voorgestel word. Sien? As ons Dit reg in die krag en demonstrasie van die liefde van God kan aanbied, sal mense Dit graag ontvang.

26 Nou, ons het gisteraand gevind dat die laaste boodskap net voor Sodom vernietig is . . . Wat vandag, die kerk van die dag, of die wêreld van hierdie dag ly onder dieselfde sondes waarvoor Sodom vernietig is. En ek het dit gesê, en ek hoop nie dit klink ontheiligend nie: Maar as God die Verenigde State laat wegkom met sy sonde sonder om oordeel te hê, sal Hy pligsgebonde wees, as 'n regverdige God, om vir Sodom en Gomorra weer op te wek en verskoning te vra dat hulle gesink is, of, dat hulle verbrand is, want hulle doen dieselfde sondes.

27 En ek het opgelet in hierdie mooi stad hier, veral in die verdraaidheid, homoseksuele, is dis aan die toeneem, Ek het 'n koerant gelees nie lank gelede nie, hoeveel dit elke jaar vermenigvuldig. Alle—alle . . . Dit was die sondes van Sodom, een van hulle. Wêreldsheid, wellus, en dis verskriklik om dit te sien. En nie net hierdie stad en hierdie land nie, maar regoor die wêreld, dit lyk asof iets gebeur het, mense die klits verstandelik kwytgeraak het.

28 En nou, voor daardie groot stede vernietig is, God het 'n Engel gestuur, twee van hulle, en Self gekom in die vorm van 'n man, en gaan sit en vleis eet, en brood en botter, en melk gedrink; nie 'n—'n Gees nie, maar 'n Man. En Hy was niemand anders as Jehova God Self nie, wat met 'n voorbeeld gewys het dat net voor die eindtyd . . .

29 God verskyn altyd in die vorm van die mens, vlees, om die Evangelie te verkondig. Net voor die einde van die Jode, is God gemanifesteer in 'n menslike liggaam genaamd Jesus, wat die Seun van God was, maar God het in Sy Seun gewoon. God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen, of Homself uit te druk deur die lippe van Christus, Sy Seun.

30 Hoe Hy Sy Seun was, omdat Hy Maria oorskadu het en 'n Bloedsel geskep het. Die—die baba word gebore deur die bloedsel wat van die man af kom, nie die vrou nie. Die vroulike, die sel van

die vrou is net die eier, die kiem van die lewe kom van die man af.

31 Net soos 'n hen 'n eier kan lê, of 'n voël, dit word lentetyd, en al die voëls uitgaan en hulle nes maak, en hulle lê. . . 'n ma-voël kan 'n nes vol eiers lê, en oor daardie eiers kom, en oor hulle broei, sy draai hulle met haar voete, hou hulle warm, en sy kan op daardie nes sit en oor daardie eiers waak tot sy so sieklik en swak is dat sy nie van daardie nes kan afvlieg nie, maar as sy nie by die mannetjie-voël was nie, sal hulle nooit uitbroei nie. Dis reg. Sy moet in kontak wees met die mannetjie, want die hen kan die eier lê, of die voël kan die eier lê, maar as dit nie by die mannetjie was nie, is dit nie vrugbaar nie.

32 En dis hoe dit is met sommige kerke, ons kry net 'n klomp lidmate daarin, en vertroetel hulle, en paai hulle, en—ensovoorts, en—en vertroetel hulle totdat jy al die Gees uit die kerk uithaal, en jy niks het behalwe 'n nes vol vrot eiers nie. Dis presies die waarheid. Daar's net een ding om te doen, is om die nes skoon te maak en weer oor te begin. Wat ons vanaand nodig het, is 'n goeie outydse Paulus-herlewing, en die Bybel Heilige Gees terug in die Kerk.

33 Hoe kan jy ooit mense soos daardie neem wat nooit in kontak was met die Mannetjie nie, wat Christus is, en hulle Goddelike genesing leer? Wel, hulle was nog nooit in kontak met enigiets nie, hulle weet niks Daarvan nie. Hoe kan jy hulle die doop van die Heilige Gees leer?

34 Wat gebeur met daardie eiers? Hulle lê reg in die nes en vrot. Maak nie saak wat jy aan hulle doen nie, hulle sal verrot, want hulle is nie vrugbaar nie.

35 En enige kerk wat nie vrugbaar is nie, dit is van die vrugbaarheid van die koms van die Heilige Gees in die menslike hart, maak nie saak hoe goed die kerk is, hoe goed die lidmate aantrek, hoe geleerd die pastoor is, hoe goed die liedere is wat julle het, wat 'n goeie gebou julle het nie, as Christus nie daar is, die Gees van God nie daar is nie, het jy niks anders as dieselfde klomp onvrugbare eiers nie, dis presies, en jy sal nooit êrens kom met hulle nie. Wat ons vanaand nodig het, is die Heilige Gees terug in die kerk, wat beweeg in elke lidmaat, dit in orde plaas.

36 Nou, Lot was afvallig. Maar God het afgekom na Abraham toe en 'n magtige wonderwerk gedoen, en toe, toe Hy hierdie wonderwerk gedoen het, het Abraham Hom Elohim genoem, die Groot Magtige Jehova. Maar Hy was 'n Man wat daar gesit en eet het, gedrink het, gepraat het, 'n Vreemdeling. En onthou, as 'n Vreemdeling, het Hy tog gevra: "Waar is Sara, jou vrou?"

37 Dieselfde Gees het in die liggaam van Jesus Christus ingekom en gesê: "Jy is Simon, jy, jou vader is Jona."

38 "Ek het jou gesien toe jy onder die vyeboom was," vir Filippus.

39 “Gaan haal jou man en kom hiernatoe.”

“Ek het nie ’n man nie.”

“Jy het reg gesê, want jy het vyf mans, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie.”

40 Daardie selfde Gees van God. En ons vind uit dat Jesus, wat dit opgelet het. . .

41 Nou, julle weet, die Bybel is geskryf op bladsye, maar tog, moet jy die Gees van God hê om die Skrif te verstaan. Dis ’n liefdesbrief aan die gelowige. ’n Man kan gaan en dit sit. . .

42 Geen wonder hulle sê nie dat: “Ag, die, dit weerspreek ditself.” Ek het enige prys aangebied wat ek vir enigiemand kan betaal wat my ’n teenstrydigheid in die Bybel kan wys, dis nie daar nie. Nee, meneer. Dis. . .Jy weerspreek in jou eie hart en verstand. God weerspreek nie Homself nie, nie een plek nie. Kan reggestel word met die Woord van God as Dit bymekaar gesit word. Maar Dit is alles verwar vir jou, want, Jesus het die Vader gedank dat Hy hierdie verberg het vir die oë van die wyse en verstandige, en dit geopenbaar het aan kindertjies wat wou leer.

43 Wanneer ek oorsee gaan, ek het ’n lieflike vrou, en ek sê vir haar, nou: “Totsiens skat, jy moet nou vir my bid.” Sy bid vir my. Wanneer ek oorsee is, en maande weg is, en ek tel ’n brief op, sy sal sê: “Liewe Billy, ek sit hier vanaand by die kinders, dink baie aan jou.” Nou, ek sien wat sy op die papier skryf, maar julle sien, ek het haar so lief dat ek—ek tussen die lyne kan lees, ek weet waarvan sy praat. Sien?

44 En dis hoe dit is met God. Jy kan nie net gaan sit en Dit lees in ’n koue, formele hart nie, jy moet verlief wees op die Outeur, en dan kan jy tussen die lyne lees. Dan het jy—jy ’n begrip van die Skrifte.

45 Nou, Jesus het dit vir daardie Jode gesê, sien, toe Hy Homself openbaar het. Toe het Hy gesê, geprofeteer tot by die koms van die einde van tyd, waar hierdie tekens nooit gedoen is voor die Heidene nie, en Hy het gesê dat “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Dieselfde ding. En dan as julle oplet, toe Hy van Noag gesê het, het Hy ’n bietjie sedes gegee wat hulle gedoen het: geëet, gedrink, getrou, uitgegee in die huwelik, ensovoorts. Maar in Sodom se tyd, het die groot Engel gekom en dit geopenbaar.

46 Dan vind ons, ons het Abraham gelos toe hy teruggegaan het na sy tent, gisteraand na die Engel, of, God hom verlaat het. Die Engele het verder gegaan, twee van hulle, het afgegaan in Sodom in, en ons weet wat daaronder gebeur het. Dan vind ons wat daarna gekom het, die vernietiging van Sodom, God wat Vuur en Swawel uit die Hemele laat reën en Sodom vernietig het.

47 En ek wil hê julle moet oplet egter, voor enige Vuur Sodom ooit getref het, het Lot en die slapende bruid, soos ons vandag

daarna sou verwys, gekom, of, die slapende maagd, uit Sodom uitgekom, uitgekom, toe het die Vuur geval. Hy het gesê: "Vlug, daarheen, gou; want Ek kan niks doen voordat jy daar aankom, uitkom nie." Die uitroep aan die kerk vandag is "Kom uit Sodom uit! Kom daaruit." Toe het die Vuur geval.

48 En ons vind Abraham toe, en Sara, baie ou mense, Abraham was eenhonderd jaar oud, en Sara was negentig.

49 Nou, soos ek 'n paar oomblikke gelede gesê het oor lees tussen die lyne, maar as jy tussen die lyne lees, en Dit probeer om dit iets te laat sê dat tussen die lyne iets anders sê as wat die lyne sê, dan is dit verkeerd, maar dit moet ooreenstem, die heelpad Daardeur. Die Bybel is net soos 'n groot legkaart, as julle die uitdrukking sal verskoon, en as jy dit net probeer aanmekaar sit net soos jy daarna kyk, jy moet iets hier oorkant hê om na te kyk, as jy nie het nie, sal jy jou toneel ruïneer, jy sal 'n koei hê wat gras vreet bo in 'n boom, so dit sal nie reg wees nie.

50 So dis hoe dit is met, wanneer jy probeer om die Bybel aanmekaar te sit met 'n intellektuele begrip Daarvan, jy kan dit nie doen nie. Dis 'n Gees-geskrewe Woord, en dit kos die Heilige Gees om Dit aanmekaar te sit, dan kry jy die hele groot prentjie van Eden af uit in chaos, en die pad van die kruis, terug Huis toe, dis die hele prentjie, God se verlossingsverhaal om Sy Eie Seun te stuur om 'n verlore en besoedelde mensdom te verlos.

51 Nou, Sara was negentig jaar oud, en Abraham was 'n honderd jaar oud. Hier is hulle, die Bybel het gesê hulle was albei bejaard. Op negentig jaar oud, sou dit haar omtrent vyf-en-veertig jaar verby menopouse maak, maar hierdie Engel wat met Sara gepraat het, of, met Abraham gepraat het, het vir Abraham hierdie belofte gegee, dat "Volgens die tyd van die lewe," net ander woorde, volgende maand: "volgens die tyd van die lewe," wat dit met Sara sou wees: "gaan Ek jou besoek." Dit was Sy belofte. God hou Sy belofte.

52 Nou, hulle het 'n—'n baba by Hagar gehad. En Hagar moes, natuurlik, later haar baba neem en dit laat uitwerp, sy en haar baba. "Want die slavin en haar kind sal nie erfgenaam wees saam met die vrye en haar kind nie."

53 Ek wil hê julle moet 'n storietjie hier oplet: Toe Hagar, hoe sy moes gedink het die wangedrag van Sara en van Abraham, daardie pragtige paartjie, hulle het saam gewoon, die lieflinge van die Ou Testament, en meteens, het die gesindheid van Sara verander, en Abraham wou nie sy kind uitwerp nie. Maar die Here het met Abraham gepraat en gesê: "Doen soos Sara gesê het."

54 Toe Hagar, hoe moes sy nie gevoel het daardie oggend toe sy haar baba geneem het, 'n seun van Abraham, en 'n bottel water, en 'n mandjietjie brood bo-op haar kop, daardie jong, Egiptiese vrou, en uitgegaan het in die woestyn! En die water was alles op,

en die baba het begin huil vir water, en sy het die kleintjie geneem en hom onder ’n bos gesit, en ’n boogskoot ver weggegaan, ’n honderd-en-vyftig treë of iets, en gekniel en begin huil. Sy kon nie verduur om die baba te hoor huil vir water en sterf in daardie toestand nie.

55 Maar onthou, die Bybel het gesê dat die Here die kind gehoor het. Hoekom? Hy’s ’n saad van Abraham, God hoor die uitroep van die kinders van Abraham. En as jy in Christus is vanaand, is jy Abraham se Saad. Hy het nooit vir Hagar gehoor, sy—sy, die vrou, die moeder nie. Sy was baie godsdienstig, maar Hy het haar nooit gehoor nie, die verbond was nie daarmee nie, dit was met Abraham se saad.

56 O, as ek dit in julle kon inhamer! God is verplig, Hy het by Homself gesweer en die verbond onvoorwaardelik gemaak tussen Abraham en sy Saad vir ewig. Jy is Abraham se Saad as jy Christus s’n is. As jy dood is in Christus, is jy Abraham se Saad, en is erfgename volgens die belofte, en dieselfde belofte wat Hy vir Abraham gemaak het, is joune. O, dit behoort almal te laat gesond word om dit te dink, as jy die Saad van Abraham is.

57 Nou julle sien, Hy het nooit Hagar hoor huil nie, maar die Skrif het gesê Hy het die uitroep van die kind gehoor. En Hy het vir Hagar gesê Hy het die kind hoor huil in ellende en nood voordat Hy vir Hagar hoor bid het.

58 Daardie uitgesoekte, uitverkieste, uitverkore mense wat die ware Christen is, en om dan te sien dat Satan in hulle intellektuele sal ingaan en hulle laat ly en geleer word dat die belofte vir ’n ander eeu was, wanneer dit *al* Abraham se kinders is wat daardie belofte het.

59 Sal jy jou dogtertjie ’n glas water gee, en jou volgende dogtertjie ’n glas melk gee as hulle altwee dood was van die honger en jy melk gehad het om te gee? “Sal jy een ’n klip gee, en die ander een ’n slang?” het Jesus gesê.

60 Solank julle Abraham se kinders is, het God gesweer dat Hy hierdie verbond met julle sou bevestig. Julle is Sy kinders, en julle het ’n reg tot hierdie dinge. Hierdie is God se seëninge, die verlossingsseëninge, die, dat Christus julle verlos het van hierdie vloeke. En hulle is julle voorregte om te hê.

61 Ek verstaan nie hoe enige persoon die Evangelie kan preek sonder om Goddelike genesing in te sluit nie, want siekte is ’n eienskap van sonde. Voor ons enige siekte gehad het, het ons geen sonde gehad nie, toe sonde gekom het, toe het siekte daarop gevolg. Mag nie jou—jou sondes wees nie, jy erf hierdie goed, soos God belowe het, tot drie en vier geslagte. Maar tog, reinig die Bloed van Jesus Christus van alle sonde.

62 As ’n groot dier my, sy voet in my sy gehad het, en in my ingesny het met sy poot, is dit nie nodig om sy poot af te kap nie, maak net die dier van sy kop af dood, en dit maak poot en

alles dood. So jy hoef nie Goddelike genesing uit te sonder, of enige ander verlossingsseëninge nie, wanneer jy sonde se kop inmekaarslaan, slaan jy die hele ding se kop inmekaar. Sien? Jy maak dit alles dood, want dis die eerste oorsaak. Wanneer daarvan ontslae geraak word, gaan elke eienskap daarmee saam.

63 Nou, Abraham, wat toe oud was, God het hom ontmoet net presies soos Hy gesê het Hy hom sou ontmoet.

64 Nou, ek wil hê julle moet oplet, nou, Bybelstudente, en ek weet ek is in 'n groot skool hier, nou, as jy nie hiermee saamstem nie, maak maar net soos ek maak wanneer ek kersietert eet, ek, wanneer ek kersietert of hoender eet, en ek by 'n been of pit kom, het ek nog nooit die tert of hoender weggegooi nie, ek gooi net die been of die pit weg en hou aan hoender of tert eet, so dis hoe jy daarmee maak, as jy dit nie glo nie, goed, dit hang van jou af, laat dit net 'n been wees, maar die deel wat jy glo, eet jy, jy sien.

65 Nou, God het net hier gewys. . .Nou, ek gaan net vir 'n oomblik tussen die lyne in, en kyk of hierdie reg uitwerk. God het net hier gewys wat Hy gaan doen met elke seun en dogter van Abraham, elkeen.

66 Nou, ons weet dat daardie vrou, wat negentig jaar oud was, 'n oumatjie met 'n stofkappie, en 'n tjalietjie oor haar skouers, en krom skouers, en Abraham met groot, lang baard, en wit hare, en baarde wat oor sy ken en gesig hang, en wat hierdie stok dra, rondloop. Nou, hulle was . . . Die Bybel het gesê . . . Nou, julle moenie dink dit was daardie ouderdom nie, want die Skrif het gesê hulle was albei ver gevorderd in ouderdom, hulle was albei oud.

67 Nou, ons weet, as hy saam met haar gelewe het as 'n vrou vandat sy omtrent agtien jaar oud was, en hier was hy . . . hier was sy negentig, wel, daar's absoluut, wel, dit was verby die tyd om kinders te hê, baie, baie jare verby die tyd, as sy werklik kinders gaan hê, sou sy hulle destyds gehad het toe sy 'n jong vrou was. En toe, toe die tyd van die verandering aangebreek het, wel, sou sy dit voor die tyd gehad het, of miskien op daardie tyd, maar nou is ons veertig jaar of meer verby daardie tyd. Nou, God moes een of ander soort wonderwerk verrig. Almal wat daarmee sal saamstem, sê "Amen." God moes iets doen.

68 Nou, die eerste ding, nou ek's. . .Julle is 'n gemengde skare, en julle sou na julle dokter luister, ek behoort net soveel vir julle te wees as wat hy is, ek's julle broer. So nou, julle. . .Ek moet dit so sê sodat julle goed sal verstaan. Nou, 'n vrou . . . Hy moes haar skoot vrugbaar maak, daar moes iets gebeur, dis waarom Hy gesê het: "Ek sal jou besoek volgens die tyd van die lewe."

69 Nou, as sy 'n moeder geword het, nou, om in kraam te kon gaan, moes sy haar hart versterk kry, 'n ou vrou op negentig jaar oud. 'n Vrou op veertig vandag, hulle sterf, meeste van hulle.

En hier is sy, negentig, negentig jaar oud, God moes haar hart versterk, hy moes haar skoot vrugbaar maak.

70 En toe, het hulle nie hierdie higiëne bottels gehad soos hulle vandag het vir die babas om te drink, vir die sigaretroker-ma's nie, maar in daardie dae moes die baba normaal, die ma se melk, drink. En dan as sy so oud was, was die melkare opgedroog in haar liggaam, Hy moes melkkliere vir haar maak. Hy moes beslis.

71 Julle sien, Hy sou haar net moes regnaak. God het haar nie reggemaak nie, Hy sou hier wys wat Hy gaan doen met elke dogter van God. Hy het haar verander en 'n jong vrou van haar gemaak, en Hy het Abraham terugverander na 'n jong man.

72 Nou, kyk en sien of dit nie waar is nie. Ek kan my net voorstel, sodat die jongeres dit sal begryp, ek kan my vir Abraham voorstel wat sê. . .Een oggend uitgekom, en ek kan haar hoor sê: "Wel, Abraham, Skat, jy weet daardie krom skouers, jy begin jou skouers regop trek. Daardie grys hare het begin swart word."

En ek kan hom hoor terugsê vir haar: "Skat, daardie swart oë wat jy altyd gehad het, hulle kom weer terug; en daardie plooie verdwyn uit jou gesig."

73 Kyk waar hulle 'n reis onderneem het van: Hulle was bo in Kanaän, en hulle het 'n reis onderneem en al die pad afgegaan Gerar toe. Dis nogal 'n reis, omtrent driehonderd myl, vir 'n ou paartjie, altwee honderd jaar oud. Daarna afgereis Gerar toe.

74 En nie net dit nie, maar daar was 'n jong koning daaronder met die naam van Abiméleg, en hy was op soek na 'n liefling. En hy het al daardie pragtige meisies van die Filistyne daar gehad om van te kies, maar toe hy vir ouma sien aankom, het hy gesê: "Dis die een waarvoor ek gewag het." Nou, sou dit nie belaglik klink nie? Nee, meneer. Abraham het gesê: "Jy's mooi om na te kyk. En jy sê dat jy my suster is, en ek sal jou broer wees." En Abiméleg het verlief geraak op Sara en sou met haar getrou het. Belaglik om te probeer dink. . .

75 Sien, dis wat almal, al Abraham se Saad en sy kinders van oud na jonk gaan verander by die Koms van die Here Jesus. Lewe net getrou aan God, dis Sy belofte.

76 Ek het dit gevra, vir 'n dokter hier 'n tyd gelede. Ek het gesê: "Dokter, hoe. . .? As ek uit die stof van die aarde gemaak is, wetenskaplikes het gesê ek is gemaak uit sestien verskillende elemente van die aarde, dan as ek was, waarom is dit dan. . .? Hoe het ek ooit gekom in die vorm wat ek is?"

Hy het gesê: "Deur kos te eet. Kos verander in bloed, bloedselle bou jou."

Ek het gesê: "Dokter, waarom eet ek dan dieselfde soort kos wat ek geëet het toe ek vyftien jaar oud was, elke keer wat ek vleis, aartappels, brood eet, elke keer wat ek eet, het ek groter, sterker geword, en ek eet nou dieselfde kos, en word ouer,

swakker? As ek my lewe hernu elke keer wat ek eet, waarom is dit dat ek oud en geplooi raak, en beter kos eet as wat ek toe het? En tog, elke keer wat ek eet, sterf ek; toe ek toe geëet het, het ek gelewe."

77 As jy 'n glas water gooi, of, 'n glas en 'n beker water neem, en water uit 'n beker in hierdie glas begin ingooi, en dit word halfvol, en dan aanhou gooi, en hoe meer jy ingooi, hoe verder sak dit. Bewys dit vir my wetenskaplik. Dit kan nie wees nie. Daar's geen antwoord daarvoor nie. Maar die Bybel het die antwoord: Dit is vir die mens bestem.

78 Nou, hier's wat gebeur het: In die opstanding, wanneer jy opkom, sal jy nie as 'n babatjie uitkom nie, jy sal uitkom in jou, die fleur van jong man en jong vrou.

79 Nou, ek wil hê julle moet dit goed verstaan, dit is miskien nie te lank gelede, vir sommige van julle ouer mense nie, dat jy daardie mooi meisie begin oplet het waarmee jy getrou het, wat grys en geplooi raak; daardie jong man met wie jy getrou het, wat grys word en sy skouers krom nie. Wat het gebeur? Die dood het begin in jou, en dit gaan jou hier vaspen. Miskien laat God jou wegkom. Uiteindelik, gaan dit jou neem, maar dit kan jou nie seermaak nie.

80 En wanneer jy uitkom in die opstanding, gaan jy nie een ding daar wees om sonde te simboliseer nie. Jy het gegroei, jy was op jou beste tussen, ek dink die wetenskap sê, tussen twintig en drie-en-twintig is jy op jou beste, daarna begin jy sterf. Jy lewe, bou tot daardie tyd, daarna, begin jy agteruitgaan.

81 God sit die prentjie op, trou julle, sit julle bymekaar soos die eerste Adam en Eva, en gee julle 'n keuse: As jy Hom kon kies, het jy Ewige Lewe; as jy Hom nie kies nie, het jy nie Ewige Lewe nie. Maar almal wat Ewige Lewe het, sal God saam met Hom bring by die Koms van Christus. En jy sal opstaan, nie 'n ou man en vrou nie, nie 'n klein babatjie nie, maar jy sal opstaan as die volmaakte jong man en jong vrou van omtrent twee-en-twintig of drie-en-twintig jaar oud. So sal jy vir altyd wees in die Teenwoordigheid van God. Dis net die waarheid.

82 Dis wat Hy vir Sara en Abraham gedoen het. En toe Abiméleg gesien het dat sy mooi was, wel, het hy vir haar geval, en hy het haar geneem om sy vrou te wees.

83 Nou, ek wil soort van net 'n bietjie hier knyp, nie om seer te maak nie. Maar ek wil hê julle moet oplet dat Abiméleg. . . Ek kan my voorstel toe hy hierdie pragtige, Hebreeuse meisie geneem het en—en al die juweliersware vir haar aangetrek, en haar klere gereedgemaak het, wel, môre gaan hy met haar trou, gegaan en sy bad geneem, en sy gebede opgesê, en in die bed geklim en uitgestrek, en gedink: "O, goeiste! Môre sal ek met daardie pragtige, Hebreeuse meisie trou." Net negentig jaar oud,

sien, en hy gaan met haar trou; sy het waarskynlik omtrent drie-en-twintig gelyk.

En toe, toe hy daar gelê en dit gedink het, het God na hom toe gekom en gesê: "Jy's net so goed soos 'n dooie man."

Hy het gesê: "Here, hoekom so?"

Hy het gesê: "Jy het 'n ander man se vrou."

En hy het gesê: "Wel, uit die opregtheid van my hart het ek dit gedoen, Here. Jy weet sy het vir my gesê dit is haar broer, en hy het vir my gesê dis die suster."

En God het gesê: "Dis waarom Ek jou gekeer het om teen My te sondig, Ek ken die opregtheid van jou hart, maar," luister nou hierna: "Ek ken jou integriteit, maar sy is 'n vrou van 'n profeet. Haar man is My profeet."

84 Nou, julle wat praat van iewers wat julle dink julle 'n ietsie gedoen het wat nie by God kan uitkom nie? Kyk na Abraham daarbuite, wat hy gedoen het, deur oor sy vrou te lieg. Daarbuite eenkant gesit. . . Enige man wat so sou optree, oor sy vrou! Daar was hy daarbuite, hy was afvallig. Sekerlik, God het vir hom gesê: "Moenie daardie land verlaat nie, bly in Palestina." Enige Jood wat uit Palestina uitgaan, is afvallig. God het vir hom gesê: "Bly in daardie land."

85 Nou, Hy het vir hulle daardie land gegee, dis waarom hulle nou terugkeer, dis weer verbondstyd, sien, terugkom na die land.

86 En nou, hy was afvallig, het God verlaat, soontoe gegaan, en vir 'n man gesê dat dit sy suster was in plaas van sy vrou. En Abiméleg kon 'n goeie, heiligheidsman gewees het, vir al wat ek weet. Maar God het gesê: "Ek sal nie jou gebed beantwoord nie, maar daardie man van haar is My profeet, en as jy nie sy vrou terugneem en *hom* vir jou laat bid nie, is jy so goed soos 'n dooie man." Wat daarvan? Dis God wat Sy belofte aan die Saad van Abraham hou. O, goeiste!

87 Kan julle sien? Genesing is joune, verlossing is joune. Dis 'n gratis geskenk van God wat God vir jou gegee het, en jou geroep het, en jou gekies het, voor die grondlegging van die wêreld het Hy jou gekies. Jy's Sy erfgenaam. Wel, Hy waak oor jou dag en nag, om by jou te probeer uitkom, om iets vir jou te doen.

88 Jy sê: "Maar, Broer Branham, ek het verlede week, of verlede maand, 'n fout gemaak."

89 Ek gee nie om hoeveel foute jy maak nie. "Ons het almal gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid." As jy 'n kind van Abraham is, is jy gereed om dit as sonde te erken, en weer terug te kom na God toe, en God se genade is nog steeds met jou, kyk na Abraham.

90 Gesê: "Ek sal nie jou gebed verhoor nie, Abiméleg." Maar elke skoot is gesluit. Hy het gesê: "Jy neem sy vrou terug na hom

toe en laat *hy* vir jou bid." Amen. Ek hou daarvan. "Ek sal sy gebed verhoor, want hy's My profeet."

91 En hy het Sara gevat, en haar teruggeneem na Abraham toe, en haar teruggestuur met geskenke. En toe het Abraham vir hom gebid, en God het die skoot van alles wat hy gehad het, oopgemaak, en hy was voorspoedig. En Sara was 'n jong vrou, en Abraham was 'n jong man.

92 Let op, nadat Isak gebore is, en Abraham se liggaam so goed soos dood was, Sara het gesterf op omtrent 'n honderd sewe-en-dertig jaar oud, en Abraham op 'n honderd vyf-en-veertig het met 'n ander vrou getrou en het sewe seuns, behalwe die dogters, gehad. Halleluja! Dis reg.

93 Hy het hom terugverander na 'n jong man. Wel, hierdie is amper nog 'n honderd jaar later. Sien wat Hy gedoen het? Hy het hulle vernuwe. Dis wat Hy sal doen met elke verbondsmens wat in Christus inkom, wat uitsterf vir die dinge van die wêreld, en 'n nuwe skepsel in Christus word, Abraham se Saad aanneem, en erfgename is volgens die belofte. Daar het julle dit. Dan, wat is Goddelike genesing?

94 Het jy dit geglo, broer van Kanada? Wat is daardie kanker in die oë van God, vir 'n Saad van Abraham? Jy voel rond, om te probeer vind of jy . . . Wel, Hy's reg op jou, bo jou, onder jou, in jou, reg rondom jou. Jy kan nie daar lê en lewe nie, jy moet opstaan in die Naam van die Here Jesus.

95 "Ek is Abraham se seun, want ek het Jesus Christus aanvaar, die beloofde Een, en genesing behoort aan my." Aan julle mense daar in daardie rolstoele, dieselfde ding. As jy 'n wedergebore Christen is, is dieselfde geloof wat daar in Abraham was, binne-in jou. En God se belofte aan Abraham, enigiets teenstrydig daarmee, het hy gesê, dis asof dit nie is nie. "Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie; maar was sterk en het God geprys." Elke dag het langer en verder gelyk, maar hy het God nog altyd geprys en gesê dis asof dit alreeds verby is. Dis hoe om dit te doen.

96 Party van julle sê: "Ek kan nie die dinge van die wêreld opgee nie. Ek kan nie *hierdie* doen nie. Ek . . . "

97 Jy kan nie? Jy het nog net nie die regte hand gevat nie. Dis reg. Jy het nog nie die regte kleed aangeraak nie. Wanneer jy Hom aanraak, die Hoëpriester van jou belydenis, Wat die Groot Saad van Abraham is, deur God se belofte, dan neem jy Sy Gees aan in die volheid van Sy opstandingskrag, Hy het jou gevul, en verkwik jou met Sy goedheid en Sy genade, en Sy krag van geloof om enigiets teenstrydig met God se belofte te noem asof dit nie eens daar is nie. Moenie eers daarna kyk nie, marsjeer voort. Amen.

98 "Wel, ek kyk net soveel na *Ons Is Lief Vir Susie*, ek kan nie biduur toe gaan op Woensdagaand nie."

99 As jy God eenmaal reg onder in jou hart kry, sal jy daardie vulgêre ding op die radio of televisie afskakel. Dis reg. Jy sal beslis. Al daardie grapjasse met al daardie vuil grappe en goed, hoe daardie ongesensorde programme op televisies en—en die volk dit daarmee laat wegkom. Wel, dis 'n skande! Geen wonder ons is in die korrupsie waarin ons is nie. En daardie mense wat hulleself Christene noem, sal die kerk mis om na sulke goed te kyk. Ek sê, Los Angeles, soos die res van Amerika, julle het 'n herlewing nodig!

100 En die probleem daarmee is, soveel keer, is predikers agter die preekstoel so lafhartig, hulle is bang om mense die waarheid te vertel, dis 'n etekaartjie, of hulle word uitgegooi. Wat daarvan? As jy uitgegooi word, preek dit buite iewers, gaan aan. God se Gees is Ewig, Dit vermenigvuldig en bly beweeg.

101 'n Ou man, John Rhyn, oor die sewentig jaar oud, 'n bedelaar in Fort Wayne, totaal blind vir vyf-en-twintig jaar, en daar in die diens daardie aand toe hy na die platvorm toe gekom het, het die Heilige Gees vir hom gesê wie hy is, en gesê: "SO SPREEK DIE HERE: Jy's genees."

En die ou kêrel, hy het gesê: "Wel, ek—ek sien nie."

102 Ek het gesê: "Dit het niks daarmee te doen nie. Jy's genees. As jy 'n kind van Abraham is, neem jy eers Sy Woord, en hier's die Engel van die Here Wat weet wie jy is, en alles van jou af, jou gesê het: 'SO SPREEK DIE HERE.'"

103 Wel, hy het net gesê: "Wat moet ek doen?" Hy was, het behoort aan 'n ander denominasionele kerk, Katoliek. En hy het gesê: "Wat moet ek doen?" Hy was eers 'n filmster. Hy het ook in die arena gery in Barnum en Bailey se groot . . . hy was 'n leier van daardie groot, beroemde Garland, harlekyne. En hy was 'n groot man. "SO SPREEK DIE HERE." Die ou kêrel het op die balkon gekom die tweede aand.

104 En ek het vir hom gesê, ek het gesê: "Hou net aan sê: 'Dank U, Here, vir my genesing.'"

Hy het gesê: "Dink jy ek sal my sig kry?"

Ek het gesê: "Jy het vir my gesê jy glo wat ek vir jou gesê het."

Hy het gesê: "Ek glo."

Ek het gesê: "Wel, waarom bevraagteken jy my dan?"

So hy het opgegaan, die volgende aand kon ek skaars preek, hy sou sê: "Bly almal stil. Prys die Here vir my genesing!" Weer gaan sit.

105 Omtrent twee weke na die diens Fort Wayne verlaat het, het hy koerante op die straathoek verkoop, en hy was daar oorkant besig om koerante te verkoop, en 'n ander nuusmannetjie het hom oorgelei om geskeer te word by die haarkapper. En so, het

hulle die handdoek om sy nek gesit, en sy gesig gesmeer, en barbiertjie wou slim wees, julle weet, en hy het gesê: "Sê, ek het gehoor jy was daar om die Goddelike geneser te sien toe hy hierbo was."

Hy het gesê: "Ja, ek het soontoe gegaan."

Gesê: "Ek het gehoor jy is genees."

Gesê: "Ja. Prys die Here! Hy het my genees." En sy oë het oopgegaan in die haarkapperstoel. Hy het uit daardie stoel uitgespring, en hy het in die straat afgegaan, met daardie handdoek onder sy nek, die haarkapper agter hom aab met 'n skeermes in sy hand. In die straat af, het hy 'n skouspel gemaak.

106 Omtrent twee maande daarna, het ek na Benton Harbor toe gegaan na daardie Joodse kolonie toe daar, wat Israel se Skool genoem word. En hierdie jong rabbi het uitgekom om my te sien, hy het gesê: "Met watter gesag het jy John se oë oopgemaak?"

Ek het gesê: "Met die Naam van Jesus Christus, die Seun van God."

Hy het gesê: "Ver is dit van God om 'n Seun te hê!" Hy was 'n Jood. En ek—ek het gesê . . . En hy het gesê: "Daardie kêrel, Jesus, was niks anders as 'n dief nie." Julle weet hoe Israel partymaal kan stry.

So ek—ek het gesê: "'n Dief?"

Gesê: "Ja, hy het mielies gesteel."

Ek het gesê: "Julle eie wet sê 'n man kan deur die land gaan en pluk wat hy wil eet, maar nie enigiets in 'n sak wegneem nie. Hoe was Hy 'n dief volgens julle eie wette?"

En hy het gesê: "Jy kan my nooit laat glo hy was die Seun van God nie."

Ek het gesê: "John het sy sig, het hy nie?"

En hy het gesê: "Ja, ek het hom baie aalmoese op straat gegee. Ek weet hy was blind."

Ek het gesê: "Hy kan nou sien, en dit is gedoen deur sy geloof in die Seun van God, Jesus Christus."

Hy het gesê: "Ek glo dit nie."

Ek het gesê: "Wel, hy het sy sig. Ons het nooit hiernatoe gekom om te stry nie. So daar is dit, die man staan hier, jy kan dit nie ontken nie, kan 'n koerant lees sonder 'n bril." En ek het gesê: "Wat daarvan?"

Hy het gesê: "Wel kyk," gesê, hy het gesê: "julle Heidene kan nie vir God in drie stukke kap en Hom vir 'n Jood gee nie."

Ek het gesê: "Ons kap Hom nie in drie stukke nie, glad nie."

En so toe, het hy gesê: "Wel . . . "

Ek het gesê: "Sou dit vir jou moeilik wees om die profete te glo, Rabbi?"

Hy het gesê: "Ek glo die profete."

Ek het gesê: "Jesaja 9:6, met Wie het hy gepraat? Van wie praat hy toe hy gesê het: 'Vir ons is 'n Kind gebore, 'n Seun gegee.'"

"O," het hy gesê: "die Messias."

Ek het gesê: "Wel dan, wat sal Messias wees?"

Hy het gesê: "Hy sal 'n Man wees."

Ek het gesê: "Dis wat ek gedink het." Ek het gesê: "Nou, watter vereistes, wat het Hy nie nagekom in alles wat die Ou Testament belowe het Hy sou wees nie?"

107 Julle weet, daardie kêrel, eerlik in sy hart, ek het hom opgelet, hy het rondgekyk en begin wegstap, en trane het teen sy baard afgeloop, en hy het gesê: "Meneer," hy het gesê: "ek glo as daardie tempelpriesters hom sou glo, glo ek sou dit beter gewees het vir hulle."

Ek het gesê: "Glo jy, Rabbi, dat Hy die Seun van God was."

Hy het gesê: "Ek glo hy was 'n goeie man." Ek het hom laat begin. Hy het gesê: "Maar hy was nie die Seun van God nie."

En ek het gesê: "Rabbi, alles wat Hy gesê het, is besig om te gebeur."

Hy het gesê: "O, ek glo hy was 'n profeet."

Ek het gesê: "As Hy 'n goeie man was, sou Hy nie lieg nie, en as Hy 'n profeet was, kon Hy nie lieg nie, so daar het jy dit, jy glo Hy was die Seun van God."

Hy het omgedraai, begin instap, hy het gesê: "As ek dit geleer het," het hy gesê: "sou ek daaronder in die straat gewees het," oor 'n krans daar: "ek sou daaronder in die straat gebedel het."

108 Ek het gesê: "Ek sal liewer daaronder in die straat wees, besig om te bedel, ek sal liewer op my maag lê en rivierwater drink en soutbeskuitjies eet, as om my naam daar bo-op daardie gebou te hê in goue letters, en moet toegee op my eie oortuigings in die Woord van God." Absoluut dis reg. God is God, net dieselfde.

109 Daar, toe, toe Hy Sara teruggebring het, Abraham terug na 'n jong man en vrou toe, het sy 'n ma geword. Hulle het die klein kindjie gebring. Hoe pragtig moes daardie klein kêreltjie nie gewees het nie! Agtste dag is hy besny. En toe hy net 'n jong seun was, wel, is daar 'n groot fees vir hom gehou.

110 En eendag, het God gesê: "Ek gaan bewys," omtrent soos hierdie: "aan die Angelus Tempel, dat Ek My belofte hou. Ek gaan vir die mense bewys." Gesê: "Abraham, neem jy jou enigste

seun, en neem hom na 'n berg toe waar Ek jou gaan wys, en offer jy hom daar as 'n brandoffer."

111 Nou, Hy het vir hom gesê hy gaan die vader van nasies wees, en hier sy enigste seun, en nou neem en vernietig en die einste ding doodmaak wat sou wees hoe dit hom die vader van nasies sou maak. En nou het Hy gesê: "Gaan jy verder, en Ek sal vir jou die berg wys." Ek kan my voorstel hoe die ou kêrel gevoel het.

112 Die volgende oggend, sy pragtige, klein seuntjie van omtrent twaalf jaar oud, hoe hy moes oorgekom en hom geskud het: "Word wakker, Isak. Moenie vir Mamma wakker maak nie, want Mamma sal nie verstaan nie. Word wakker." En hy het daar uitgegaan en 'n bietjie hout gekap, dit gekloof, dit in 'n sakkie gesit, dit op die rug van 'n muil gesit, en twee diensknegte gekry.

113 Nou onthou, hy het drie dagreise ver agter in die wildernis ingegaan. 'n Gewone man kan loop . . . Toe ek op patrollie was vir vyf jaar, moes ek dertig myl per dag loop vir ses dae per week, mense het vandag wat ons petrolvoete noem. Daardie dae, moes hulle—hulle loop, hulle was meer gewoond daaraan. 'n Man kon maklik . . . Wel, sê, hy het net vyf-en-twintig myl per dag geloop, dit het hom vyf-en-sewentig myl agter in die woestyn gesit, en toe het hy sy oë opgeslaan en die berg in die verte gesien, wat die Here hom in die visioen gewys het, waarnatoe om die kind te neem om hom te offer.

114 Hy het naby die berg gekom. Nou luister goed, soos ons gereedmaak om af te sluit. Hy het naby die berg gekom, en hy het vir die diensknegte gesê: "Bly julle hier."

115 Dink aan hoe sy hart moes geklop het, in die wete dat hy daarnatoe sou gaan om sy seun dood te maak en die enigste hoop wat hy gehad het te vernietig om ooit die vader van nasies te wees. Maar hy het gesê hy het hom ontvang soos een uit die dood, hy was oortuig dat God hom kon opwek uit die dood. Sien daardie Abraham geloof? Sien wat dit beteken? Maak nie saak hoe belaglik dit klink nie, as God dit gesê het, bedoel Hy dit. Hy is die weg, Hy hou Sy Woord, dit hang van Hom af om daarvoor te sorg, nie vir jou om daarvoor te probeer sorg nie, dis Hy wat daarvoor moet sorg.

116 Nou luister goed, toe het hy vir die diensknegte gesê, ek hou net hiervan, hy het vir hierdie diensknegte gesê: "Wag julle hier. Ek en die seun sal soontoe gaan om te aanbid, en ek en die seun sal terugkom." Hoe gaan hy dit doen, wanneer hy die mes het en dit skerp gemaak is? Hy het die vuur in sy hand, hy het die hout op sy rug. En hy het dit van sy eie rug afgehaal en dit op Isak gesit, 'n pragtige tipe van Christus wat daardie hout teen die heuwel opdra. En hy het gesê: "Wag julle hier. Ek en die seun sal soontoe gaan om te aanbid, en ons sal terugkom." Amen.

117 Hoe . . .? O, goeiste! Hoe gaan jy uit daardie rolstoel uitkom? Dis nie jou besigheid om daaraan te dink nie. Hoe gaan jy

gesond word? Dis God se belofte. Enigste ding wat jy doen, is bly aanbeweeg.

118 En hy het daardie hout op Isak se skouers gesit, en hy begin teen die heuwel opgaan. En toe hy bo-op die heuwel gekom het, het hy 'n paar klippe bymekaar gerol, die hout neergesit. Klein Isak het agterdogtig geraak, hy het gesê: "Vader . . . " (Kyk, die eerste woord wat die Bybel ooit genoem het van Isak se stem, was: "My vader.") "My vader, hier is die altaar, hier is die vuur, hier is die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?"

119 En die bewende, ou vader, nie . . . dis net op die laaste oomblik, hy het na hom toe gedraai, en hy het gesê: "My seun, God sal 'n lam voorsien." Is julle Abraham se kinders? "God sal vir Homself 'n offer voorsien." Wel, dit was die laaste oomblik! So hy steek sy hand onder sy gordel in, trek die tou uit, en klein Isak het nie begin skree nie, hy was soos Christus, Homself onderwerp aan die dood. Sy seun se hande agter hom gesit, sy hande en sy voete vasgebind, hom op die altaar gelê. Kan julle julle voorstel hoe hy gevoel het? Daar's die geloof van Abraham. Het julle dit?

120 "God is in staat om dit te doen," het hy gesê. "Maar hierdie is Sy opdrag, en hierdie is wat ek sal uitvoer." Het daardie geslypte mes geneem, die klein krullerige lokkies uit sy twaalf-jaar-oue seuntjie se gesig uitgevee, dit teruggeleun, gedink aan Sara by die huis, sy enigste seun, hom waarskynlik op die wang gesoen, hom neergelê, opgekyk, die mes opgetel en sy hand opgesteek. Dis om God te glo.

121 En soos hy die mes begin afbring het, het die Heilige Gees sy hand gevang, gesê: "Abraham, Abraham! Stop jou hand. Ek weet nou dat jy My vertrou, Ek weet dat jy My liefhet." Gesê: "Jy het nie . . . sal selfs nie jou eie seun spaar nie." En omtrent daardie tyd, het 'n lam agter hom geblêr. Dit was 'n rammetjie, nou nie 'n ooi nie, dit was 'n ram, manlik: Christus. Het sy horings gehaak gehad in die rankplante, reg agter hom.

122 Ek wil vir julle 'n vraag vra: Waar het daardie ram vandaan gekom? Hy was drie dagreise ver van die beskawing af, en bo-op die berg waar daar geen water is nie, wel, die wilde diere sou doodgemaak het, die—die leeus en goed sou die rammetjie gevang het as dit negentig myl ver in die wildernis rondgedwaal het. En dan, bo-op die berg, nog 'n dagreis waar daar geen water, geen gras is nie, as julle die land ken, daarin was, net klippe, dis al, en hier was hierdie rammetjie in die woestyn aan sy horings vasgehaak. Dit was vasgehaak aan sy horings in die saliebosse en goed. Waar het dit vandaan gekom? Waarom?

123 Geen wonder Abraham het dit, Hom Jehova-Jireh genoem nie. Wat het gebeur? Die Here het daardie ram in ontstaan gespreek. Hy het dit in ontstaan gespreek een oomblik, en binne nog 'n oomblik het dit ophou bestaan. Wat is Hy? Hy is in staat.

Amen. Hy's Jehova-Jireh, Hy's God. Dit was nie 'n visioen nie, die lam het gebloei.

124 Dieselfde God wat die elemente bymekaar kon maak en 'n liggaam vir Hom kon maak om in te lewe en na Abraham toe kon loop, daardie selfde God het 'n ram in ontstaan gespreek, want daar was 'n behoefte vir 'n offerande.

125 Hoe gaan Hy jou uit daardie rolstoel uitbring? Ek weet nie, dis Sy besigheid. Hy's Jehova-Jireh: "Die Here sal voorsien." Wat was dit? Sy Woord was op die spel. God sal voorsien.

126 Jy sê: "Broer Branham, ek is opgevreet van kanker."

Dit het nie een ding daarmee te doen nie.

127 "Die dokter sê ek kan nie meer langer as ses maande lewe nie, my hart is so sleg dat die kleppe verstop is."

Ek gee nie om wat hulle gedoen het nie. Hy's steeds Jehova-Jireh, Hy het daardie hart gemaak.

128 Wat was Hy? Hy was Christus. Daardie ram het Christus verteenwoordig. Jehova-Jireh het alreeds 'n Offer vir jou voorsien.

129 En toe het Hy gesê: "Abraham, Abraham, alle nasies sal deur jou geseën word. My verbond is seker vir jou." [Leë kol op band—Red.] Hoekom? Abraham het Hom liefgehad, Abraham het Sy Woord geneem.

130 En as ons die kinders van Abraham is, het God Sy belofte vervul, soos ons nou die aand gehad het op die Pinksterdag, of, die dag van die offerande, toe Hy die Lewe uit Christus uitgeskeur en die liggaam opgeneem en die Heilige Gees teruggestuur het hiernatoe, en aand na aand, jaar na jaar, bewys Hy Homself as lewendig onder ons, die Geneser.

131 Aan Abraham se kinders, wie ook al wil glo: Jy mag kwaad gedoen het, jy mag owerspelig gewees het, jy mag 'n dobbelaar wees, jy mag enigiets wees wat daar in sonde kan wees, maak nie saak hoe diep jy gedaal het nie, Hy's Jehova-Jireh, Sy Offer is voorsien. Sy Teenwoordigheid is hier. Hy hou Sy Woord. Hy's nou hier om te red, te genees, om enigiets te doen wat Hy belowe het, want Hy het alreeds die Offer gemaak en Dit aanvaar. En al wat ons doen is om te kyk en te lewe. Jehova-jireh: "Die Here sal vir Homself 'n offer voorsien." Hy het 'n Offer vir ons voorsien.

132 Jy siek is, is jou plig om na jou dokter toe te gaan, as jou dokter jou nie kan help nie, dan het God 'n Offer voorsien. As jy 'n alkoholis is, het jy na die Anoniem toe gegaan, en het jy waarskynlik op daardie manier probeer genees word; as jy sigaretroker is, het jy waarskynlik Notobac geneem, en alles waaraan jy kan dink, en steeds smag jy na daardie goed, jy het aan die einde van die pad gekom daarmee, met daardie onrein gewoontes, dit kan nie van God wees nie, en as jy alles gedoen het wat jy kan doen, en steeds sien jy dat dit nie werk nie, dan

het Jehova 'n voorsiende Offer, Hy's Jehova-Jireh, die Offer om jou weg te neem van jou sondes.

133 Jy sê: "Broer Branham, ek het gesoek na die Heilige Gees. Ek het *hierdie* gedoen."

Jy doen dit nooit, die Heilige Gees soek na jou. Jy soek nie die Heilige Gees nie, Dit soek na jou; dis net jou oorgawe Daaraan, dis wat dit doen.

134 "Broer Branham, ek het na Goddelike genesing gesoek."

Goddelike genesing is gekoop op Gólgota. Jy soek nie Goddelike genesing nie, die Goddelike Geneser soek na jou, God. Dis hoekom jy hier is vanaand, Hy probeer in jou hart inkom.

135 Jesus, die Seun van God, Hy's in die gebou, Sy Gees is hier. Jehova-Jireh het 'n Offer voorsien. En . . .

['n Suster praat in tale, 'n ander suster gee uitleg. Leë kol op band—Red.] Ja, Here. ['n Suster praat in tale. Leë kol op band.]

136 As ek die Skrifte reg verstaan, die Heilige Gees wat spreek. Nou eerbiediglik, ek het gehoor daar word van genesing gepraat. Nou wees baie eerbiedig terwyl die Heilige Gees nou beweeg. Bid almal stil.

137 Ek dink nie daar is enige gebedskaartjies uitgegee nie. Daar's geen kaartjies in die gebou nie, is daar? Nee. Hele gebou . . . Goed. Maar daardie selfde God wat daar oorkant was op die Pinksterdag, daardie selfde God wat . . .

['n Suster praat in tale. Leë kol op band—Red.]

138 Dankie, Vader. Ons dank U vir hierdie beloftes, en hoedat U kinders, miskien nie net uitgaan en kwaad doen nie, maar die sonde, ek sou glo dat wat U vir hulle gesê het om te bely, die sonde van bygeloof is, of ongeloof. Ek bid dat—dat U aan hierdie mense sal skenk vanaand wat, hulle wat hier teenwoordig is, om—om te weet dat hierdie mense gelaai is—is met U Gees, en hulle het daardie hoeveelheid boodskappe gegee, drie boodskappe, U het gesê: "Laat dit in beurte van drie wees," en ons het daardie drie boodskappe gehad onmiddellik na die onderrigting van die Skrif. Nou, Vader, ons dank U daarvoor. Ons bid dat dit diep in die harte van die mense sal insink. En laat U Heilige Gees nou sondaars oortuig en aankla van hulle sonde, dat hulle na U toe mag kom. Ons wag op U, in die Naam van die Here Jesus.

139 Terwyl julle bid, hou net aan bid. Die Bybel het gesê dat Jesus 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, Hy is nou daardie Hoëpriester. En 'n vrou het Sy kleed aangeraak, Hy het omgedraai. Nou, julle raak nie aan my nie, hierdie is net 'n gawe, raak julle aan Hom en kyk of Hy nie julle probleem ken nie.

140 Was daar enigiemand nou in Goddelike Teenwoordigheid wat nog nooit in een van my dienste was nie? Sal jy jou hand net

saggies opsteek? Net ’n paar, nie meer as twee dosyn nie, reken ek. Goed. Ons. . . Terwyl hulle bid, wees nou baie eerbiedig, moet niemand beweeg nie, sit net baie stil.

141 Ek’s ’n totale vreemdeling vir hierdie mense. Maar dat julle mag weet dat die woorde wat ek gesê het en hierdie verskeie aande gepraat het, dat ons aan die eindtyd is: Die laaste teken aan die Kerk is daardie teken wat Jesus aan die Jode gegee het aan die einde van hulle bedeling, aan die Samaritane gegee het aan die einde van hulle bedeling, maar dit nooit vir die Heidene gegee het nie, toe gesê dat in die laaste dae daardie teken weer sou terugkom, net by die verbranding van die wêreld, soos dit het by Sodom en Gomorra. En die Man Wat was. . . God se Gees in Hom gehad het, het Sy rug gedraai en vir Abraham gevra waar Sara was, gevra: “Waarom het sy in die tent gelag?” toe sy by haarself gelag het, nooit enige geraas gemaak het nie. Jesus het gesê, in soveel woorde, dat dit weer sal plaasvind aan die einde van die Heidense tydperk.

142 Nou wees eerbiedig en bid. Ek wil oor die gehoor probeer kom, deur almal oral, as ek kan, net om te kyk of die Heilige Gees sal openbaar. Nou moet niemand beweeg nie, wees net baie eerbiedig, hou aan bid. Net, moenie dink aan my wat hier staan nie, maar sê net vir die Here soos hierdie. . .

143 Nou, ek ken nie ’n persoon sover ek kan sien nie. Hierdie prediker wat hier reg voor my sit, ek kan nie aan sy naam dink nie, ek het net nou sy hand geskud, ek kan onthou dat ek hom ontmoet het, maar ek weet net nie wat sy naam is nie; Dis die enigste persoon in die gebou waarvan ek weet. En ek het ’n paar vriende hier, wat ek ken, die Stadsklevs, Kapelaan Stadsklev, hy’s hier iewers; en dan, dink ek Broer Sothmann en ’n paar vriende van Kanada. Buiten dit, was my eie seun en my dogter en hulle, is die enigstes wat ek ken. As Dit met een van hulle sou praat, sal ek noem hulle. . . wie hulle is.

144 Bid net as julle siek is. Hoeveel in die gebou. . .? Miskien is daar geen siekte hier nie. As enigiemand hierbinne ly, en jy glo dat jy genoeg geloof het om nou die Hoëpriester aan te raak, glip net jou hand baie stil op, soos daardie. O, ja, daar’s baie siekte, dis net oral. Goed.

145 Nou, dis—dis geskryf in die Bybel, julle weet dit, dis God se belofte. Nou, sal dit werk? As dit werk, dan het ek die waarheid vertel, en het ek van God gepraat, nou, as Hy van my praat, weet ek ek het die waarheid oor Hom gepraat. Nou, Hy mag dalk nie hiervan praat nie, ek weet nie, as Hy dit doen, goed; as Hy dit nie doen nie, wel, is dit—is dit steeds in die haak, in elk geval. Ons sal net vra en kyk of Hy met ons sal praat. Ek sal na my linkerkant toe kyk, net konsentreer aan daardie kant.

146 As julle julle kop net ’n oomblik sal oplig: Net hier reguit deur, ’n dame wat sit, bid, het sinusprobleme. Glo jy die Here

Jesus sal jou genees, suster? Goed. Die grys-kop dame wat haar hoof gebuig het, reg. . . steek jou hand op daaragter, dame. Dis reg. God seën jou nou, glo nou net met jou hele hart.

Nou, iewers hierbuite.

147 Ek kan nie sien waar die seun is nie, maar daar's 'n jong man, daar's 'n seun, man, jong kêrel, dis 'n. . . hy bid, hy's 'n Spaanse seun. Kan enigiemand hier Spaans praat? Steek jou hand op. Jy, meneer? Goed. Daar het julle dit. Lewerprobleme. Dis reg. Praat met hom. Goed. Goed. Lewerprobleem. Sal jy glo, Benny? Benny daaragter met wie ek praat, dis sy naam. Steek jou hand op as dit waar is. Dis nou verby. Sê, sê dit vir hom: Sê vir hom hy's van San Diego, hy is nie van Los Angeles nie. Dis reg. Hy kan nou teruggaan huis toe, hy gaan daaroor kom.

148 Nou, die seun was iewers op die vloer, ek kon hom nie sien nie. Maar ek kon hom hierbo sien staan, en dis in sy rug, ek het die ondersoek in sy rug gesien. En ek het hom teen iets sien prewel, ek het geweet hy kon nie Engels praat nie. As die moeder daar, of enige van hulle wat verstaan, hy ken nie enige Engels nie, nie een Engels nie. As dit nie die Heilige Gees is nie, wat is?

149 Wat van iemand anders, dat jy wil glo? Glo julle? Nou hê geloof, iemand in hierdie rigting. As julle kan glo!

150 'n Dame wat net hierbinne sit, 'n man wat daar sit, moet hy wees wat bid of die dame, het sinusprobleme. En, nee, dis senuweeagtigheid, baie senuweeagtig, ek sien dis iets wat hom senuweeagtig maak. As jy sal glo! Mev. Myers is met wie ek praat. Glo jy dat die Here Jesus hom sal gesond maak? As jy dit glo, kan jy dit kry. Goed. Glo jy, Mev. Myers?

151 Staan op jou voete sodat die mense sal sien. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie. Is dit reg? Steek jou hand op. As ons vreemdelinge is vir mekaar, steek jou hand op. Was baie senuweeagtig. Maar daar het iets met jou gebeur. Jy glo hierdie is die waarheid, nie waar nie? Dis waarom jy genees is. Nou kan jy huis toe gaan, jy gaan gesond wees.

152 "As jy kan glo!" Moet net nie twyfel nie, hê geloof in God. Glo julle dit kan gedoen word met my rug op julle gedraai? Net soos die Engel van die Here wat gekom het, nou, Dis Hy, nie ek nie. Bid julle. Iemand in hierdie gedeelte bid net, en laat ek bid en kyk na hierdie kant toe.

153 Here God, laat dit gebeur, Here, dat die mense mag weet dat dit nie U dienskneg is nie, dis—dis U, Here. Dis om U belofte te vervul, U het dit belowe, Jesus. En ons glo dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Laat dit gebeur, Here.

154 Daar's 'n dame wat hieragter bid, sy het komplikasies, probleme met haar oë. Haar naam is Mev. Code, Coleen Code. Staan op, Mev. Code. Jesus Christus maak jou gesond, suster. Ek

ken jou nie, is dit reg? Steek jou hand op as dit waar is, as ons vreemdelinge is. Goed.

155 Hê geloof. Glo julle God is steeds God? Sekerlik, Hy is. Glo net.

156 Here, kan dit weer gebeur? Ek bid dat U dit sal skenk.

157 Moet in hierdie rigting wees. Ek sien 'n vrou, 'n visioen van 'n vrou. Sy's. . . Nee, sy's agter my. En die vrou ly aan artritis, en probleme. Haar naam sou Ruth Myers wees. As jy glo, kan jy gesond gemaak word. Staan op, waar jy ook al is, Mev. Ruth Myers. Die Here seën jou.

158 Reg oorkant jou sit daar 'n dame wat ly aan spatare, as jy ook glo, dame, terwyl die Gees. . . wat 'n groot hoed op het. Steek jou hand op, dame. Goed. Nou, jy kan huis toe gaan en ook gesond wees. Jesus Christus maak jou gesond.

159 Glo julle in die Here Jesus? Hoeveel glo nou met julle hele hart? Sien? Sien, kyk vriende, dit kan nou net voortgaan. Ons. . . Ek wil nie myself verswak nie, ek wil alles insit wat ek het in Saterdag en Sondag se dienste. Net sodat julle kan sien, daar's nie een gebedskaartjie in die gebou nie. Hierdie mense, wie ook al geroep is, ek kan julle nou net so min vertel as niks. Sien? En ek moet aanhou om albei kante van die gebou dop te hou soos daardie, om daardie visioene te sien kom, want die salwing is op my. En dis nie ek nie, Dis julle geloof, wat glo dat wat ek gepreek het, die waarheid is. Sien?

160 Nou, dis God hier. Nou, probeer om, eenkeer, sien, te probeer besef hoe groot dit is. Sien dit is God se belofte, Hy het gesê dit sou net hier onder die Heidense mense gebeur. As God dit gedoen het aan die einde van elke geslag, of elke keer, en Hy doen dit nie hier op hierdie tyd nie, dan het Hy verkeerd gedoen destyds daar, het Hy hulle iets laat kry wat ons nie gehad het nie, maar Hy het belowe dit sou wees net voor die vernietigingstyd. Hier is die Engel van die Here.

161 Ek—ek nie. . . Ek's 'n laerskoolstudent, het net skaars die sewende graad geslaag. Julle weet deur hoe ek praat, dat ek—ek geen geleerdheid het nie, ek. . . maar God het dit waarskynlik so gehad, Hy het my iets anders gegee om mee te werk. Julle kan sê deur my prediking, ek is nie eens 'n prediker nie. Wel, ek kan geen geleerdheid hê nie, ek weet nie veel van Skrifte nie, en hoe 'n teoloog. . . Ek—ek is nie 'n teoloog nie. Net wat ek weet, ek hou daarvan om dit uit te druk. Maar God het my iets anders gegee om Hom mee te manifesteer.

162 Nou, dis vreemd dat dit nie te goed doen in Amerika nie, wanneer in Afrika, Indië, Australië, laat dit gebeur en duisende maal duisende sal huil en na die altaar toe hardloop en bely, en, maar hier, gaan dit blykbaar nie. Waarom is dit, vriende? Is ons aan die einde van die pad? Is—is. . .? Ons is aan die einde van die

pad. Onthou, ek sê dit met my Bybel oor my hart met die Gees Wat jou hart ken, en alles weet.

163 En, nou, kan ek dit nie op my eie tyd doen nie, Hy is die Een Wat dit aan my openbaar. Sien? En ek kon dit nie doen nie, dis julle geloof wat dit doen. Die. . . Dit. . . Jesus het nie geweet wat fout was met die vrou nie, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" Iemand het Hom aangeraak, en Hy het bly rondkyk totdat Hy dit gevind het. En Hy het gesê dit het Hom swak gemaak. Hoeveel weet dis die Skrif? Sê die Bybel Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Dan is dit Hy. As Hy dieselfde is, moet Hy dieselfde wees in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in gesindheid. Julle mag baie in julle lewe gehoor het, vriende, maar onthou net, as SO SPREEK DIE HERE: Julle sit onder die salwing van die Heilige Gees. Onthou: SO SPREEK DIE HERE.

Kom ons bid.

164 Vader God, na drie aande van probeer in my arme, ongeletterde maniere wat ek het, as 'n ongeletterde persoon, en ek het probeer met my hele hart, Here, om te verduidelik dat U die, steeds die groot Jehova is. En U goedheid en genade, om af te kom en dit te bevestig, dat ek die waarheid gepraat het dat ons aan die eindtyd is!

165 Here, asseblief, moenie dat enige persoon wat in Goddelike Teenwoordigheid is, ooit die—die skeiding van God hoef te verduur, Ewige skeiding nie, om in 'n duiwel se hel in te gaan wat nie vir hulle voorberei is nie, maar vir die duiwel. Mag hulle nou, in die teenwoordigheid van die Heilige Gees, nie 'n keuse maak om aan te gaan en na die duiwel se hel toe gaan nie, maar mag hulle na God se Hemel toe kom waar alle dinge gereedgemaak word en vir hulle wag. Hulle uitnodiging is nou die Heilige Gees wat met hulle harte praat. Laat hulle kom, Here, en U bely, en hulle ongeloof bely, en U vra vir genade. Genees dan die siekes en beproefdes wat in ons midde is.

166 Mag hierdie 'n groot tyd wees, net nou, want alles is gereed. Die Woord is gepreek, die liedere is gesing, en die Heilige Gees het Sy Teenwoordigheid bevestig. Here, laat hulle wat behoeftig is vanaand, opreik deur geloof en Christus ontvang vir wat hulle nodig het.

167 Ons vra dit in Jesus' Naam, want ons glo dat hulle die kinders van Abraham is, wat soort van rondgegooi is, Vader. Die mense weet skynbaar skaars wat om te doen, hulle is soos skape wat weggedwaal het van die herders af. Ons bid, God, dat vanaand, ongeag hulle denominasie, of kerkverband, hulle mag kom na die Herder van die Lewe, Jesus Christus, Wat nou teenwoordig is, en bewys dat Hy teenwoordig is, mag hulle kom, want ons vra dit, in Sy Naam.

168 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, hoeveel op hierdie onderste vloer hier, sal eerlik wees in julle hart dat, net vir die

volgende vyf minute, sal julle julle hande opsteek, en sê: “Broer Branham, ek—ek het Christus nodig, geestelik gesproke, het ek Christus nodig in my lewe, en ek wil hê Hy moet vir my die geloof gee en my Abraham se Saad maak”? Sal julle julle hand opsteek, op die onderste vloer? Steek net julle hande hoog op, hou hulle vir ’n rukkie op. Sekerlik sou jy nie, in die teenwoordigheid van die Heilige Gees, skaam wees om dit te doen nie. God seën julle. Daar’s dosyne hande op die onderste vloer.

169 Nou, julle sê: “Beteken dit enigiets, Broer Branham, as ek my hand opsteek?”

Die verskil tussen dood en Lewe, as jy dit bedoel.

170 Julle sê: “Wat doen dit?”

171 Dit wys bonatuurlike krag wanneer jy jou hand opsteek. Wetenskap sê jou hand moet afhang, swaartekrag hou jou hand onder, maar daar’s ’n Gees hier wat met jou gees praat wat vir jou sê dat jy verkeerd is, en jy breek die wette van swaartekrag wanneer jy jou hand opsteek, wat wys dat daar Iets in jou is wat ’n besluit geneem het. En jy breek die wette van swaartekrag wanneer jy jou hand opsteek, want volgens die wetenskap, moet hulle afhang, swaartekrag hou hulle onder, maar ’n gees binne-in jou, wat ’n besluit maak oor jou Skepper, hou jou hand op.

172 Nou, in die balkonne daarbo, wees eerlik, net (Môre-aand begin die groot genesingsdienste.), Ek wil hê jy moet jou hand opsteek, en sê: “Broer Branham, hiermee steek ek my hand op na God toe, ek besef ek het Hom nodig, my geloof is nie voldoende nie. Ek—ek nie, lewe miskien nie reg nie,” of so-iets. Steek jou hand op na Hom, sal julle dit doen? Hoeveel sal dit doen? Steek net jou hand op.

173 Broer Duff, ek wil vir jou iets wys. Hou julle hoofde gebuig net ’n oomblik, asseblief. (Let jy op die mense wat hier nader is, is diegene wat dit kry? Het jy dit opgelet? Sien, verder agtertoe, daarbo, gaan heeltemal uit. Sien? Dis uitgedoof. Is dit nie vreemd nie? Maar dis die werk van die Gees. Sien? Dit nader, bring dit soos wanneer ek na die platvorm toe kom.)

174 Net iets wat ek vir die pastoor hier wou wys, waarvan ek gepraat het, net sodat hy dit bevestig kon sien word.

175 Nou, hoeveel is siek en behoeftig, regtig behoeftig, en jy wil hê God moet jou liggaam genees, steek jou hand op, net siek en behoeftig? God seën julle. Bo in die balkonne, oral.

176 Nou, sal julle my glo terwyl. . .? Die. . .As—as ek genade gevind het in—in julle oë deur die prediking van die Evangelie. . . En as die Heilige Gees teruggekom het en deur my gepraat het, wat wys dat ek die waarheid gepraat het, is dit God wat spreek dat ek die waarheid gepraat het.

177 Onthou, elkeen van julle wat siek is, Jesus het julle negentienhonderd jaar gelede genees. Toe Hy op Gólgota gesterf

het, is Hy ter wille van jou oortredinge deurboor, deur Sy wonde, het daar vir jou genesing gekom net toe. Sien?

178 Nou, as julle kinders van Abraham is, glo daardie belofte, dis julle s'n. Mag dalk nie net op hierdie oomblik gebeur nie, mag dalk nie in die oggend gebeur nie, dit moet gebeur. Dit het vir Abraham vir vyf-en-twintig jaar nooit gebeur nie, maar dit het gebeur; maar as Abraham ooit sou toegee, sou dit nie gebeur het nie. Maar julle moet vashou, sien, aan God. Kry dit net beet vanaand met geloof en glo dit, en elkeen van julle sal gesond gemaak word. Glo julle God sal my gebed verhoor? Sê: "Amen," as julle glo. Goed.

179 Nou, as my—my liefdevolle mense, die juwele wat in die kroon sal wees, as ek enige het, die mense wat my liefhet, en ek het julle lief, en hierdie aande waar ek baie diep gepreek en gesny het, bedoel ek nie om enigiemand seer te maak nie, maar ek probeer om—om julle hard genoeg te skud, sodat julle net kan sien waarvan ek praat. Sien? Ek's. . .Ek wil hê julle moet besef dat julle in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees is, nie 'n man nie. Ek het niks daarmee te doen nie, net. . .Hy sou hê. . . As Hy nie my lippe gebruik het nie, sou Hy *syne* gebruik; nie my oë gebruik het nie, sou Hy iemand anders s'n gebruik. Sien? Iemand moet dit voorstel, want Hy het dit belowe. Verstaan julle? Sê: "Amen." Dan is dit Sy goedheid.

180 Nou, maak julle soos ek vir julle sê, en moet glad nie twyfel nie: Almal wat in julle hele hart geglo het, dat deur Jesus Christus, julle lewe wat dood en verborge is in Hom, dat julle Sade van Abraham is, al julle siek mense, sê: "Amen." Dan as julle Abraham se Saad is, het julle Abraham se geloof. Is dit reg? Sê: "Amen." Nou, luister dan na my as God se dienskneg.

181 Nou, die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle. . ." Hoeveel gelowiges, eerste? Steek julle hande op, gelowiges. Nou kyk, daardie is gelowiges. Nou, wat het die Bybel daarvan gesê? Nou, as God hierdie belofte hou, hoeveel geheimsinniger is hierdie belofte as daardie een? Hoeveel verder op is hierdie belofte in die Koninkryk: om die geheim van die hart bekend te maak?

182 Nou, het julle daardie mense in tale hoor praat 'n rukkie gelede? Nou, Paulus het gesê dit moes gedoen word: "Bly stil, en kyk wat Dit sê. Laat dit in beurte van drie wees." Dis net wat daar was, drie. Goed. Nou, hy het toe gesê: "As een spreek en niemand gee uitleg nie," gesê, sovoorts, en hy het tale toegelaat, maar hy het gesê: "As daar een profeet is wat profeteer, en die geheim van die hart bekendmaak, dan sal hulle almal neerval en sê: 'God is in julle midde.'" Is dit waar? Is dit die Skrif?

183 Wel, sien, dis die Gees wat in die vroeë Kerk was, is nou hier in die Angelus Tempel. Daardie selfde Gees wat oor Paulus en hulle gehang het toe hulle geleer het, doen nou net hier presies

dieselfde ding, deur presies dieselfde beloftes van Christus te hou. En daardie selfde Gees het hierdie belofte gemaak: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit wat Hy gesê het?

184 Nou, al julle mense wat gelowiges is, lê julle hande oorkant op mekaar. Sien? Lê net jou hande op iemand naby jou. Nou, sodat daar geen selfsugtigheid sal wees nie, moenie vir jouself bid nie, bid julle vir mekaar. Weet jy wie dit is wat daar langs jou sit wat hulle hande op jou het? Dis een van Abraham se Saad, God se uitverkore kinders. Abraham se seun, of Abraham se dogter het hulle hande op jou.

185 Nou dank julle God, in julle hart, vir die belofte van Sy genesing. Sien? Hulle het hulle hande op jou: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Hulle het hulle hande op jou, hulle is Abraham se Saad, julle is genees, dis al. So dank julle God dat Abraham se kinders vir julle gebid het.

186 As jy jouself nou net in daardie Gees sal laat ingaan... Moenie bang wees nie, Dit sal jou nie seermaak nie, Dit sal jou red, Dit sal—dit sal jou genees. Laat jouself net eenmaal reg in daardie Gees inkom in jou lewe. Laat dit net reguit ingee, net soos julle die Heilige Gees ontvang het. Kyk wat gebeur: Die verlamdes sal loop, die blindes sal sien.

187 Here God, in Wie ons vertrou en glo, ons glo dat die Heilige Gees nou in elke hart inkom wat in Goddelike Teenwoordigheid is. As U dienskneg, bestraf ek elke siekte wat die duiwel op hierdie kinders van God geplaas het.

188 Satan, jy is verslaan, ons verslaan jou deur die Naam van Jesus Christus. Kom uit! Ek beveel jou deur die lewende God om uit hierdie gehoor uit te beweeg, weg van hierdie mense af, en laat elkeen van hulle genees word net nou terwyl hulle bid!

189 Here, hulle het hulle hande op mekaar, hulle is Abraham se kinders, en hulle bid vir mekaar. O Here, laat die Heilige Gees hierdie gehoor so doop net nou met die krag van Sy Teenwoordigheid, tot hulle volkome sal vergeet van hulle siektes en kwale en gesond gemaak sal word. Skenk dit, Here. Hulle is U s'n, hulle is die trofeë van U genade en U belofte, hulle glo U. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees.

(Net 'n oomblik.)

190 Wat het Hy gesê?

> Glo net, glo net,
> Alles is moontlik, glo net;

Wat dink jy nou? Goed? Amen. Neem jou bed en gaan dan huis toe.

> Net...

Wat dink jy, hier oorkant? Glo dit? Jy?

Alles is moontlik, glo net.

191 Een Maartoggend, het die wind gewaai, 'n man het na Jesus gehaas, hy het gesê: "Ek het my kinders, my kind na U dissipels toe gevat."

192 Tien dae tevore daar, het Jesus hulle krag gegee om allerhande siektes, allerhande kwale te genees. En hulle was daaronder aan die huil, en skree, en alles, maar hulle kon nie hierdie epileptiese gees uitdryf nie, die seun het dit steeds gehad, tog is hulle krag gegee.

193 Nou, julle Presbiteriane, julle het die krag, julle Baptiste, julle het die krag, maar dit lê en sluimer, want julle is bang om dit te gebruik. Sien? Dis hoe . . . hulle het krag gehad, maar hulle kon dit nie doen nie. En elkeen van julle het krag, hierdie kreupel mense het nou krag om van daar af op te staan en te loop, hierdie sterwende man met kanker het krag om op te staan en te loop, die res van julle almal daarbuite, siek, julle het krag, julle het krag, dit is vir julle gegee. "Julle sal krag ontvang." Dis wat die Bybel gesê het.

194 En hierdie man het gesê: "Ek het hom na die dissipels toe gebring, hulle kon hom nie genees nie." Gesê: "Here, as U my kan help . . . "

Jesus het gesê: "Ek kan as jy glo, want alles is moontlik vir hulle wat glo."

195 Wat meer kan God doen om ons te laat glo? Ons glo.

196 Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, verklaar ek dit wel deur die Woord van God: dat elke persoon wat graag net nou genees wil word, as julle dit sal aanvaar nadat daar hande op julle gelê is deur hierdie mans, vroue, seuns en dogters van Abraham, julle kan opstaan en gesond gemaak word, want julle is genees. Volgens God se belofte en Woord is julle gesond, julle siektes is verby.

197 Nou glo julle dit? Staan op jou voete en aanvaar dit, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Amen. Dis reg.

198 Goed. God seën julle. Pastoor.

59-0417 Jehova-Jireh
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org